Act-Up Gebedsnetwerk vir diegene wat in dwelms en die okkulte vasgevang is

Leah se verhaal begin toe haar jongste seun aan heroïene verslaaf geraak het en by Satanisme betrokke geraak het. “Die realiteit van my geloof, of ek werklik geglo het as ek gebid het, is skielik uitgedaag. In Julie 2000 het ek tot die seker wete gekom dat God die gevangenes van dwelms en Satanisme sal vrymaak. In September daardie jaar het vyf gesinne oor naweke vir mekaar se kinders begin bid. Ouers het ons begin kontak en gevra of hulle ook deel van hierdie gebedsketting kon word. Binne ‘n maand het meer as 200 mense aangesluit. Alles was so nuut vir my en ek het vir Bennie Mostert gaan raad en wysheid vra oor wat my te doen staan. Die Here het regtig my geloof versterk en het vir ons meer duidelikheid gegee oor hoe om voort te gaan en hoe om mense uit te nooi om te bid. Ek was so bekommerd oor my seun. Het hy die onvergeeflike sonde gedoen? God het my geantwoord deur ‘n visioen waar ek my seun op sy knieë gesien staan het in ‘n omgeploegde land terwyl ‘n helder lig op hom skyn. Ek het toe geweet dat God se guns op hom was en dat hy gered sou word.

In Junie 2003 het my seun se meisie, met wie hy toe saamgebly het, gebel om te sê dat hulle hom nie kon wakker kry nie. Hulle het alles probeer om hom by te bring en die dokter wou hom dood verklaar. Ek het geweet dat hy nog in Satanisme was en beslis nie gered nie. Dit was nie die beloftes wat ek van God gehad het nie. Ek het by sy bed gaan sit en gebid en God herinner aan Sy beloftes aan my. Toetse het gewys dat hy reeds 8 ure voordat hulle hom gekry het, ‘n hartaanval gehad het. My God het my seun uit die dode opgewek. Tydens die daaropvolgende week in die hospitaal het al sy organe 100% herstel en vandag is daar niks met hom verkeerd nie. Hy het sy lewe geheel en al aan Christus oorgegee en dien Hom vandag.”

Wat is *Act-Up*?
Act-Up bestaan uit gesinne wat probleme het met substansie-afhanklikheid, verslawing van enige aard, probleme met gender-identiteit of enigiets wat hulle in hulle verhouding met die Here kan hinder. Die doel van *Act-Up* is om familielede en vriende wat bid vir diegene met probleme, te ondersteun.

Hoe kan jy betrokke raak by *Act-Up*?
Die hooffokus is gebed. Ondersteuners van hierdie inisiatief moet onderneem om minstens een uur per week te bid volgens ons gebedslys. Daar is ook ‘n kursus beskikbaar bestaande uit 10 modules vir ondersteuners van verslaafdes, wat ‘n grondslag lê vir innerlike genesing en gebedsondersteuning. Een keer per jaar kom ons bymekaar om getuienisse te deel en programme wat deur die jaar gevolg is, te bespreek. Ons help ook ouers in krisissituasies soos wanneer kinders aggressief en buite beheer raak of as vermis aangemeld word.

Daar is op die oomblik meer as 20 000 mense wat op ‘n daaglikse of gereelde basis vir die slagoffers van substansie-verslawing bid. Jy kan betrokke raak deur jou besonderhede aan ons te stuur en te onderneem om in ‘n gebedsgleuf van een uur per dag of minstens twee keer per week vir een uur lank te bid. Wees verseker dat baie ander gedurende daardie uur saam met jou sal bid. Kontak Leah Grobler by Posbus 73664, Lynnwoodrif, 0040. Tel.: 082 718 1176 of faks: 086 688 1404. Besoek die webwerf: www.actup.co.za of e-pos: editor@actup.co.za